





Die



VIERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 11 APRIL 1945.

No. 20.

PARTYPOLITIEK DIE Vlieg IN VOLKSALF

Belemmer Alle Samewerking

VOLKSFRONT NODIG OM MENSE VAN TWISGEES TE SPEEN

Na die publikasie van die antwoorde van die politieke leiers op dr. Van Rensburg se uitnodiging tot samesprekings is dit nodig om kortliks die posisie in oënskou te neem, en sekere onduidelikhede wat daar blykbaar bestaan, op te helder, het genl. J. A. Smith in 'n onderhoud gesê.

Mur. Havenga verwys in sy brief (kyk berig elders) na die poging voor die algemene verkiesing in 1943 om 'n ooreenkoms tot stand te laat kom. Die Ossewabrandwag het indertyd hom baie sterk beywer vir so'n ooreenkoms op die grondslag van almal of niemand, soos mnr. Havenga vandag nog as beleid aanvaar. Die standpunt van die Ossewabrandwag was dat indien ons ooit hoop om langs die weg van 'n parlementêre verkiesing sukses te behaal, so 'n verkiesing op die breë grondslag van saamwerkende organisasies moes geskied. Om dit geslaagd te maak, geld die voorwaarde dat almal wat van enige betekenis is moet saamwerk, want as een uitgesluit word, doen dit afbreuk aan die volksbelang en die hoop op sukses. Ook hierdie keer het die O.B. van so'n standpunt uitgegaan en het hy uitnodigings aan alle opposisie-groepe gerig. Deur die weiering van dr. Malan op grond van verwyte uit die verlede, is hierdie grondslag natuurlik uit die staanspoor verbreek, en kan die standpunt van mnr. Havenga heeltemal verstaan word.

VERANDERING

Daar het egter dinge gebeur in die afgelope twee jaar wat dit duidelik laat word het dat bogenoemde grondslag uitgediend geraak het, nie omdat die grondslag verkeerd is nie — dit bly nog steeds die beste — maar omdat die partypolitieke veggees wat sy metode en bestelling in onderling georganiseerde stryd vind, so 'n grondslag onprakties maak. Dit is nou eenmaal die wesenkenmerk van die partypolitiek dat dit alle organisering van volkskragte buite sy eie geleedere as 'n vrandige daad beskou en so'n organisasie dienooreenkomstig tot voorwerp van sy vrandige aanslae maak. Dit is trouens die uitgangspunt van die hele stelsel: dit gaan uit van die veronderstelling dat daar alleen geregeer kan word indien die volk opgebreek word in twee of meer strydvoerende partye wat elke vier jaar in 'n geweldige kragtmeting by die stembus uitmaak wie die land sal regeer. Dit is dus gegrond op die reëls van die middeleeuse toernooie tussen ridders. Elkeen is kragtmeting vir die een of ander idee en elke man te perd is 'n teenstander wat onder stof geleop moet word.

DAAR WAS HOOP

Die Ossewabrandwag was van die begin af bewus van hierdie ewel wat wortel in die partypolitieke stelsel. Maar op grond van verkларings van die leier van die H.N.P. waarin hy self hierdie stelsel in die skerpste bewoording veroordeel het, het die O.B. gehoop dat die leiding van die H.N.P. daarom ook te vinde sou wees vir 'n nuwe grondslag in ons politieke lewe — dié van samewerking in plek van onderlinge wedwering en uitklop-gevegte. Dr. Malan het naamlik op 25 Maart 1941 te Stellenbosch, volgens sy eie koerante, gesê dat hy geen beswaar het „dat die demokrasie of soos ons hom ken die Britse parlementêre stelsel“ „weggeveeg word nie.“ Hy het verder die volgende veroordeling daaroor uitgespreek:

„Dit berus op persoonlike en groepe-belange wat teen mekaar bots. 'n Wedstryd ontstaan onder die belange ten koste van diegene wat minder sterk georganiseerd is. Daar gaan verlore wat van die grootste belang is — die volksidee, die gees van selfopoffering... Demokrasie soos ons hom ken, werk dus nie in die rigting van volkseenheid nie, maar bring verbroekeling.“ (Die Burger, 26 Maart 1941).

WEER AFGEWYK

Hierdie woorde van dr. Malan het nog altyd die hoop laat lewe dat hy te vinde sou wees vir 'n volksfront in teenstelling met die partyfronte. Sedert 1943 egter het die H.N.P.-leiding steeds meer en meer opnuut

veranker geraak aan die partywese, en in Julie verlede jaar het dr. Malan ondubbelsinnig hom weer gevestig op die „wedstryd“-gees wat hy indertyd op Stellenbosch veroordeel het. Hy het naamlik verklaar dat daar geen samewerking tussen politieke organisasies kan bestaan nie, maar dat daar geveg moet word tot die einde. Gevolglik het hy opdrag aan sy partytakke laat gee om alle partylede wat nog aan politieke organisasies behoort wat verwant is aan of selfs maar met die Ossewabrandwag hulle vereenselwig (kyk Die Kruithoring van 28 Feb.), uit te skop.

Ons het dus hier 'n niters skadelike en doelbewuste herlewing van die partygees wat in die pad staan van enige samewerking. Gevolglik was die Ossewabrandwag genoodsaak om terwille van helderheid 'n laaste uitnodiging te rig aan dr. Malan en die ander leiers, en wel omdat die jongste geskiedenis in Europa bewys het dat partyskap die voorryer is van die kommunistiese diktatuur.

VOLKSVERSPOELING

Indien die H.N.P. bewys lewer dat hy wil volhard in die partypolitieke wedloop, dan is die Ossewabrandwag, en met hom almal wat Suid-Afrika se belange eerste stel, geroepe om onverwyld 'n damwal op te werp teen hierdie volksverspoeling, die partypolitiek, wat tot chaos en kommunistiese revolusie lei. En dan kan daar nie gesloer word tot die gevaar op die drumpel staan nie. Ons kan nie wag tot die omstandighede so verander het dat daar redelikheid by die partypolitici intree nie. Teen daardie tyd moet daar al 'n stewige front wees waarop hierdie late ontwakkers kan terugval. Daarom staan die volksfront van die Ossewabrandwag ook nog oop vir dr. Malan en die syne, maar net ons kan nie wag tot hy eendag kom nie, die nood verels dat ons onmiddellik begin — intussen sonder hom.

GAAN VOORT

Die Ossewabrandwag gaan dus voort met die stigting van sy volksfront. En hierdie volksfront is nie 'n verkiesingsooreenkoms soos ons in die verlede geken het nie, maar 'n totale front waarin alle politieke, ekonomiese, kulturele en godsdienslike belange 'n sameballing kan vorm teen die gevare van ondergang. En daarom gaan die O.B. hom beywer om soveel samewerking as moontlik te verkry met alle kragte wat bereid is om die volk voorop te stel en indig (Vervolg op bls. 2, kol. 2)

Erkenning Dat O.B. Reg Is

Stelsel Oorsaak Van Huistekort

Na 'n gesloer van bykans twee jaar waarin konferensies gehou is, aankondigings en belofies gedoen, en verwyte en teenverwyte rondgeslinger is, het die partybewind nou eindelijk aangekondig dat hy stappe gaan doen om 'n huise te bou. Maar om so ver te kom, sal die parlement in ellelange toesprake nog eers wetgewing moet aanneem, na die Minister van Volkswelsyn en Demobilisasie voor die Senaat verlede week aangekondig het.

In sy toespraak het min. Lawrence die volgende erkenning gedoen wat die Ossewabrandwag se standpunt dat daar 'n verdwaalde versnippering van landsbestuur onder die huidige staatsstelsel bestaan, ten volle onderskryf:

„Stappe sal moet gedoen word om die menigvaldigheid van gesagsdraers wie se toestemming tans verkry moet word voordat 'n behuisingplan aangepak kan word, uit te skakel. Dit was hierdie veelvoudigheid van gesagsdraers wat in sommige opsigte die plaaslike bestuure in die pad gestaan het. Ten einde die regering se onmiddellike bouprogram deur gevoer te kry, sal dit nodig wees om die rooi lint en struikelblokke op genadelose wyse deur te hak.“ Aldus min. Lawrence.

Hierdie verfraging van twee jaar onderwyl die volk in stalle en krotte onderdak probeer vind, is een van die treffendste bewyse van die juistheid van die O.B. se veroordeling van die demokratiese regeringstelsel. Dit is onmagtig om iets aan te durf en deur te druk. Daarom kan geen vraagstuk opgelos word nie.

En ons vrees — mag ons verkeerd wees — dat die regering uiteindelik van die noodwette gebruik sal moet maak om sy huise gebou te kry, want net soos in die geval van die gesondheidsdienste wat moet wag omdat dit die provinsiale rade se gesag aantast, sal ook nou beroepspolitici in aksie kom om die ou stelsel van wanorde van vernietiging te red. Die parlement sal nog baie vrugtelose woorde kwytraak voordat die huise daar staan.

Boerdery Korrespondensie Kollege

POSBUS 10,

NOORDBRUG,

POTCHEFSTROOM

Ons Bied aan:-

Leergange in die volgende:-

Varkboerdery, Beeste en Melk. Boerdery Boekhou. Pluimveeboerdery. Skape en Wol. Tabakboerdery en KURSUS IN HUISHOUDKUNDE, ens., ens., ens.

W. V O I G T (Eiens.) Bpk.
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.**
Bus 10 . . . **HUGENOOT, K.P.**

Goeie Raad!

Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net.....

- 'n Visitekaartjie
- 'n Sirkulêr
- 'n Program
- 'n Bloomlesing
- 'n Geleerde Dissertasie

of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.

Ons hele Staf is tot u diens!

Pro Ecclesia-Drukkery

(Edms.) Bpk.
Pastoriestraat, Stellenbosch.

PARTYPOLITIEK DIE Vlieg IN VOLKSALF

(Vervolg van bls. 1, kol. 3)

viduele organisasies op die agtergrond. Daarom sal die O.B. sel geen kandidate stel in geval van verkiesings nie, maar sal hy aandring dat die natuurlike belange van elke kiesafdeling verteenwoordig word.

Want alleen so kan ons hoop om die volk te speen van die verderlike twisgees van die partypolitiek — 'n gees wat deur ons voorvaders met kragtige wetgewing geweer is toe hulle die gevaar daarvan vroegtydig ingesien het.

DARTER'S OORGENEEM

Pr. Ecclesia-Boekhandel wat so gereeld in ons kolomme adverteer, het veriede week die hele Boekhandelsbesigheid van Gebrs. Darter en Kie., Stellenbosch, gekoop asook die boekgebou waarin genoemde besigheid gehuisves was. Die twee winkels word nou tot een groot besigheid in die boekgebou saamgesmelt. As opvolgers van Darter voer Pro Ecclesia nou al daardie bestellings ook uit.

BOEDEL WYLE CHRISTIAAN PIETER DAVID MOCKE.

PUBLIEKE VERKOPING

Van die Beroemde Plase

Doornhoek, Sandrivier, Afsaal Ens.

DISTRIK BEAUFORT WES

In die STADSAAI — BEAUFORT WES.

Saterdag, die 28ste April 1945,

om 10-uur v.m.

Die ondergetekende, daartoe gelas deur die Eksekuteurs in die bogemelde boedel, sal op plek en datum per PUBLIEKE VEILING aanbied al die vaste eiendom in die bogemelde Boedel, as volg:

TEN EERSTE:

Die puik Plaas DOORNHOEK. Groot ongeveer 7000 Morge, bevattende:

1. Die Plaas Doornhoek, distrik Beaufort Wes. Groot: 4381 Morge 465 Vierkant Roede.
2. Die restant van die Plaas Wolvehoeks Kloof. Distrik Beaufort Wes. Groot: 931 Morge 550 Vierkante Roede.
3. Oudrift, deel van Kookfontein. Dist. Beaufort Wes. Groot: 38 Morge 210 Vierk. Roede.
4. Jasfontein, deel van die plaas Schalkwyksfontein, Distrik Beaufort Wes. Groot: 415 Morge 119 Vierk. Roede.
5. Die restant van die plaas Sand Rivier (beskrywe as Palmietfontein), Dist. Beaufort Wes. Groot: Ongeveer 1250 Morge.

Die bogemelde eiendomme, wat aanmekeer grens, is verdeel in 7 kampe met 13 windpompe. Daar is twee en drie waters in byna elke kamp. Daar is 'n groot gerietlike woonhuis op die plaas — 'n groot skeerhok, eerste klas krale, telefoon ens.

Die plaas lê 18 myl van Beaufort Wes op die kant van die Nieuwveld Berge en bestaan uit berg-, rivier- en rante-veld van die beste.

TEN TWEDE:

Deel van die Plaas PALMIETFONTEIN, bekend as SANDRIVIER, Distrik Beaufort Wes. Groot: Ongeveer 2500 Morge.

Die bogemelde plaas is verdeel in 3 kampe met 5 windpompe daarop. Daar is 'n klein woonhuis op die plaas, telefoon ens.

TEN DERDE:

Die Plaas AFSAAL, Distrik Beaufort Wes. Groot: 1935 Morge.

Die plaas is verdeel in twee kampe met drie (3) windpompe en een (1) saamsuiiping.

Die dele sal apart en as 'n geheel ook opgeveil word.

TEN VIERDE:

KLIPPLAATSFONTEIN, Distrik Beaufort Wes. Groot: 1415 Morge.

Die Plaas is verdeel in 2 kampe met 1 windpomp. Daar is 'n gerietlike woonhuis met buitegeboue.

TEN VYFDE:

MOUNTAINLODGE, deel van die Plaas Matjesfontein, Distrik Beaufort Wes. Groot: 5400.0137 Morge.

Die plaas is geheel toegekamp met jakkalsproef omheining en verdeel in 4 kampe met nodige waters in elke kamp. In die veld is 4 standhoudende fonteinwaters en een wendam.

TEN SESDE:

Die Erf geleë in Bird Straat, in die Munisipaliteit van Beaufort Wes, synde Lot D. van Erf No. 53 en gedeelte van Erf No. 53. Groot: 35 Vierkant Roede 14.31 Vierk. Voete. 'n Eersteklas Bouverseel.

TEN SEWENDE:

Die Erf geleë in De Villiersstraat, Beaufort Wes, synde Lot A., gedeelte van Erf No. 52. Groot: 5103 Vierkante Voete. 'n Eersteklas Bouverseel. Hier is 'n kans van 'n leeftyd.

ONTHOU: SATERDAG, die 28ste APRIL 1945.

Vir verdere besonderhede doen aansoek by:

H. W. GIRD,
Eksekuteur Testamentaire,
Posbus 6, Foon 23,
Beaufort Wes.

en

JOHN D. CRAWFORD,
Afslaer,
Posbus 25, Foon 60,
Beaufort Wes.

Reaksie op O.B.-Uitnodiging

Mnr. Havenga se Antwoord

Samewerking Tans Ongeleë Geag

Nadat dr. D. F. Malan die Ossewabrandwag se uitnodiging tot samesprekings met die oog op 'n volksfront van die hand gewys het, het ook mnr. N. C. Havenga verklaar dat hy so 'n stap nie nou geleë ag nie o.a. omdat hy die standpunt huldig dat so 'n ooreenkoms tussen nasionaalgesindes alle groepe en partye moet insluit. In teenstelling met dr. Malan, wat samewerking in beginsel verwerp, hou mnr. Havenga die deur oop vir toekomstige toenadering wanneer hy dit meer prakties ag.

Mnr. Havenga verwys in sy brief na sy poging voor die verkiesing van 1943 om 'n verkiesingsooreenkoms tussen die nasionaalgesinde partye en organisasies tot stand te laat kom. Hy het gehoop dat met so 'n ooreenkoms die weg na groter verdeeldheid versper sou word en dat ons daarvan die grondslag kon maak waarop samewerking hervat en eventuele vertroue en eenheid herstel sou kan word. Die uitslag is bekend.

Voortgaande verklaar mnr. Havenga dat hy nog steeds die weg probeer oop hou het tussen hom en sy mede-Afrikaner en dat dit die basis vorm van sy beskouings veral omdat hy oortuig is dat die nasionale gesigspunt net kan seëvier en dat uiteindelijke politieke chaos net voorkom kan word as die groot massa redelike en weldenkende Afrikaners tot eenheid kan geraak.

„In sover egter as wat u voorstel my net 'n herhaling skyn van pogings wat beide u en ek reeds sonder gevolg aangewend het, twyfel ek of tans 'n ander uitslag verwag kan word. Ek persoonlik sou in ieder geval 'n samespreking soos deur u voorgestel, net prakties beskou indien dit voorafgegaan kan word deur omstandighede wat redelike hoop in die vooruitsig stel dat dit nie maar weer 'n herhaling sal wees van al die vrugteloesheid van die verlede nie.”

Ten slotte verklaar mnr. Havenga dat hy voor die 1943-verkiesing as voorwaarde gestel het dat enige ooreenkoms tussen die nasionaalgesinde partye en organisasies almal moet insluit omdat 'n ooreenkoms tussen sommige met uitsluiting van andere sins insiens nie die volksbelang kan dien nie, en dat so 'n ooreenkoms gepaard moet gaan met die behoud van elkeen se eie identiteit.

HOOFKWARTIER VAN DIE BOEREJEUG

Jeugkommandant P. J. Taljaard, van Kaapstad is aangestel as jeughoofkommandant op die administrasie- en organisasiestaf van genl. D. J. van Rooy, leier van die Boerejeug van die O.B.

Die Hoofkwartier van die Boerejeug, met staffede, hoofkomdt. Taljaard vir die seuns en 'n dame wat eerlank tot die staf toetree vir die dogters, sal voortaan te Potchefstroom gevestig word.

Intussen moet alle korrespondensie aan die adres van genl. (prof.) D. J. van Rooy, Von Wiellighstraat 40, Potchefstroom, gepos word.

GEBIEDSRAAD BYEEN

Die Gebiedsraad van Gebied B vergader op 18 en 19 April in Port Elizabeth en sal bygewoon word deur die Adjunk-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith.

ADV. PIROW SE STANDPUNT

Adv. O. Pirow het in 'n tweede brief aan dr. Van Rensburg geskryf dat aangesien dr. Malan die uitnodiging tot die stigting van 'n parlementêre volksfront geweier het, dit vir hom duidelik is dat die voorgestelde volksfront volksseenheid nie sal kan naden bring nie. Dit skyn ook nie vir hom of dit Afrikaanse nasionaal-sosialisme sal kan bevorder nie.

Nogtans verklaar mnr. Pirow dat hulle van harte sal saamwerk met die Grootraad as hy „'n buite-parlementêre, breë, volkspolitieke front” op die grondslag van nasionaal-sosialisme wil stig. „Ons sal verder onvoorwaardelik en as gedeelte van die stryd wat ons noual 'n paar jaar voer, alles ondersteun wat u front teen die kommunisme mag onderneem,” verklaar hy.

(Kyk artikel onder opskrif: „Partypolitiek die vlieg in Volksalf.” Daarin word uiteengesit waarom die Ossewabrandwag in die ingeslane weg volhard as 'n middel om kommunisme die hoof te bied).

Ogies in die Nuus.

JODEVERVOLGING

Die Jewish Herald, wat in ons land uitgegee word, vertel 'n storie wat vir die blad glo baie skokkend moet wees. 'n Fransman Rucort, 'n minister van die Populêre Front-regering; 'n radikale sosialis; 'n lid van die Bond vir die Regte van die Mens; en teweens lid van die Bond om Rassehaat en anti-Joodseheid te Bekamp — 'n Fransman dus, wat, as handvatsels enigiets tel, allesins 'n puik „demokraat” is — nouja, hierdie selfde Fransman het 'n vreeslike ding gedoen. Soos ons verstaan het Hitler, toe die Duitsers destyds Frankryk beset het, 'n seker Jood uit sy woonstede gesit. Rucort het toe hierdie huis gehuur! Noudat Frankryk „bevry” is, wil die Jood weer teruggaan na sy huis. Maar...en dis die skande — Rucort wil wrintie nie padgee uit die huis nie!

Ja, wil die Jewish Herald maar sê, so word die arme Jode in Europa vervolgd, deur.....selfs goeie demokrate.

* * *

EERSTE OORTREDER

Dr. Malan het 'n paar weke gelede in die parlement 'n ernstige beroep op die partye gedoen om die natuurleevraagstuk buite die partypolitiek te hou, aangesien die oplossing daarvan deur die partypolitiek belemmer word.

Ons wag met belangstelling die reaksie van Die Kruithoring op die toespraak af, wat enige weke gelede gewaarsku het dat hy persone gaan bestraf wat aljimmers teen die partypolitiek te kere gaan wanneer hulle die een of ander belang bepleit.

* * *

STALIN HOU KOERS

As 'n mens in Suid-Afrika sê dat die kommunisme Joods is en dat die Jode kommunisties is, dan skud die Jode spytig hulle koppe, en vra hulle met veronregte verbasing: maar, hoe kan dit tog wees?

In die lig hiervan is die optrede van Stalin in Europa baie interessant. Die Jode wat in die lande of streke van Europa woonagtig is, wat deur die Russiese leërs oorrompel word, kry automaties — in felle teenstelling met die ander inwoners van die land — volle Sowjetse Burgerskap. Dit wil voorkom asof Stalin alle Jode, in watter wêrelddeel hulle ookal woon, beskous as getroue onderdane van die Kommunistiese Vaderland.

DEMOKRASIE SE DAE GETEL

STELSEL WAT VOETBAL MAAK VAN VOLKSWELSTAND

Samewerking Nodig in Plek van Twis

„Alles wat op die oomblik in die wêreld gebeur, en ook in ons eie land, bewys dat die demokratiese stelsel van die 19e eeu na sy end toe loop, daardie stelsel wat almal binne 'n staat wil vrylaat om so veel moontlik te doen wat hulle wil, wat by meerderheidsbesluit algemene landsake wil reël en state onder mekaar vry wil laat om uit te brei of in te krimp of saamgeskakel te word soos hulle wil of soos die sterkstes wil,” skryf prof. L. J. du Plessis.

Dit loop end toe, omdat sy tyd verby is, omdat dit die teenswoordige ingewikkelde en verwarde wêreldsake nie meer kan reël nie, omdat dit in stryd is met die natuurlike grondslae van die menselewe, omdat dit gaos veroorsaak. Dit belooft vryheid en gelykheid en bring knegskap en ongelykheid en verwarring. Dit moet uitloop in 'n wanhopige poging om deur die staatsmag almal met geweld gelyk te maak deur almal gelyklik aan een algemene knegskap te onderwerp en alle nasies saam te sakel onder een algemene wêrelddiktatuur soos vandag verteenwoordig in die Bolsjewisme.

Hierdie gevaar probeer die demokrasie tevergeefs met lapmiddels afweer, ook in ons land, lapmiddels wat moet misluk en deur hulle mislukking ook in ons land moet voer tot bolsjewisering, tensy ons volk saam met die hele westerse wêreld terwille van selfbehoud die verderflikke afdraende verlaat deur die natuurlike gesag van die volk, die volkskringe en die volksroepes wat in die geskiedenis ontwikkel het, te herstel.

LAPMIDDELS

Ons noem 'n paar van die lapmiddels. Een dra die naam van bestaansbeveiliging. Dit bedoel om die armoede van die massas te verlig deur hoë belasting op die rykes, aangevul met eweredige bydraes van almal, met die doel om die opbrings deur die staat in klein bedraggies onder almal te verdeel ter voorsiening in ouderdom, siekte, werkloosheid, ens. Dit is 'n blote lapmiddel omdat dit die wortel van die kwaad nie rantis nie, naamlik die afwesigheid van volle indiensneming en behoorlike beloning van alle moontlike werkverrigters. Hierdie wortel van die kwaad kan alleen verwyder word deur die kapitaal in volksdiens te stel, wat weer alleen deur 'n sosiale en nasionale gesagstaat gedoen kan word.

'n Ander lapmiddel is die bestaande stelsel van beheerrade en kontroleurs. Neem b.v. die vleisbeheer. Watter eiende is daar nie al deur veroorsaak nie! En waarom? Omdat dit 'n lapmiddel is wat nie tot die wortel van die kwaad deurdring nie. Hierdie wortel van die kwaad is dat die klasse en partye toegelaat word om 'n voetbal te maak van die volkswelstand: die slagter teen die verbruiker, die hoer teen die slagter, die spekulant teen die beheer, die opposisie teen die regering, en so voort en so verder. Beheer is nodig en goed. Maar beheer moet georganiseer word volgens 'n vaste eenheidsplan waarin alle onderdele van die ekonomiese bedryf in hulle regte plek en vir hulle regte werking terwille van die geheel ingeskakel is, en dit moet berus op 'n organisasie van die heroensgroepe met die oog op gesamentlike dienslewering aan die volkswelvaart in die verskillende natuurlike landsafdelinge. So jets kan alleen verseker word deur die eenheidsgees en saamwerkgesindheid van 'n ware volkstaat.

MENGELMOES-EMPIRE
Nog 'n lapmiddel wat vandag baie

opspraak verwek en waardeur die parlementêre demokrasie probeer om die ergste euwels van rasvermenging enigsnis te keer, is die sogenaamde segregasiemaatreëls en afpenwette teenoor die gekleurdes van verskillende soorte. Dit is alles wanhopige lapmiddels wat nie kan slaag nie, omdat die demokrasie self ons ondergedompel het in 'n mengelmoes-„empire” van almal gelyke Britse onderdane, en omdat dit gelykheid vereis van alle vrye mense en gelyke stem vir almal. Teenoor hierdie euwel kan alleen hulp verkry word in die daarstelling van 'n blanke rasstaat, waarin die verskillende gekleurde groepe gelei word om 'n eie gemeenskapslewe te ontwikkel op eie terrein, en binne die blanke gemeenskapsverband alleen toegelaat word onder strenge kontrole in so ver hulle daar noodsaaklike tydelike aanvullingswerk kan en moet doen.

SKOON VEEG

Die demokratiese armoede-, volkswelstand- en mengelmoes-gemors moet totaal opgeruim word. En daarvoor is die Ossewabrandwag daar. Hy sal dit doen eers in eie kring, dan in die Afrikaanse volkslewe, dan in die arbeiders- en soldate-geledere, dan in die kringe van die beroepsleiers en dan onder die politici en in die staatsregering. Hy is soos die roering in die water van Siloam wat die geneesende werking in altyd uitbreidende kringe deur die hele dam laat voorstu. Hy werk van binne na buite, altyd deur en al verder voort. Hy plant sy invloed voort in die geeste en harte van mense deurdat een die ander aansteek met die vuur van die nuwe insig en oortuiging en toewyding van 'n volk wat homself gevind het. Niks kan hom keer nie. Indedaad, hy het reeds klaar gewin. Dit moet nog net geopenbaar word!

Weg dan met die demokratiese anargie wat moet uitloop op rewolusie en diktatuur. Maak plek vir die gesag en orde van die volk wat besig is om sy Godgeskape eenheid te hervind. Gee pad vir die Afrikanerdom wat in beweging kom en weer op trek gaan, en in sy beweging alle waardige blanke aspirant-Afrikaners opneem en saamvoer. Een beweging, een trek, een leier, een bestemming, maar met veelvoudige onderdele elk onder eie leiding op eie plek ingeskakel in die geheel.

O.B. SE VOLKSRAAD

Die Ossewabrandwag en sy leier wys die weg, maar die volksleiding kan op baie breër grondslag uitgebou word. Selfs binne die Ossewabrandwag is daar plek vir 'n veelvoudigheid van groepe en groepsleidings, so lank as almal gerig is op die volkseenheid as gesamentlike skakelverband. In die Grootraad vat die Ossewabrandwag hierdie veelvoudigheid tot 'n eenheid saam en die Grootraad beslis oor die eenheidsleiding soos belligaam in die Kommandant-Generaal.

So sal die volk as hy as geheel in beweging gekom het onder die inspirasie van die Ossewabrandwag, sy Volksraad ontwikkel wat sal beslis

oor die volk se eenheidsleiding en desnoods die uitspraak van 'n volkstemming kan inroep, maar dan van 'n volkstemming, nie van 'n partystemming nie en ook nie 'n massastemming nie. Dit is iets heeltemal anders as 'n parlementêre party-verkiezing. En voordat daardie beslissende volkstemming moontlik geword het, is eleksies en parlements vir ons van bykomende en verbygaande belang. Ons sal wel daarvan gebruik maak om ook daar ons lig te kan laat skyn, maar as ons lig eers daar deurgebreek het, sal daardie parlementêre poppekasterij inmekaartuimel, as dit nie al lank tevore deur sy eie lamdeligheid ingesak het nie.

Offisiere Skep Besieling

KAMP BY FRANSCHHOEK


'n Uiters besielende laertrekking van O.B.-offisiere is tussen 24 Maart en 2 April op die plaas Middagson van komdt. en mev. Max Smuts te Franschhoek gehou. Die offisiere het 'n opleidingskursus ondergaan en oor die naweek het hul geledere aangegroei tot 85. Die Adjunk-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, die Gebiedsleier van Gebied A, genl. F. D. du T. van Zyl, en die Gebiedsleier van die Vrystaat, genl. C. L. de Jager, wat op besoek in die suide was, het die kamp besoek. Die Vrydag was die Franschhoekse kommando gaste van die kamp en het die Adjunk-K.G. 'n toespraak gehou.

Die bevelvoerende offisier was wag-genl. Moorrees van Aarde en die kamp het onder algemene toegestaan van die Direkteur van Kamp, hoofkomdt. A. P. van Heerden.

'n Deel van die kursus het gegaan oor landsdiens en veldbewaring. Op Sondag is die dienste in die kerk in gelid bygewoon.

Offisiere wat die kamp bygewoon het praat met die hoogste lof daarvan en verklaar dat hulle genoeg besieling daaruit geput het vir 'n verdere jaar.

JOHAN HEFER



Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam

Adres

A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

BLOEMFONTEIN — PRETORIA

130 Takke

Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekere en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsiale Wynskou.

PRYSLYS:

	Per Bottel in 12 Bottel	Per Gelling in 5 Gell. Vaatjies
WYN-SOORTE:		
Spesiaal (Soet)	2/8	11/-
Wit Jeripigo	1/9	3/6
Rooi Jeripigo	1/9	3/6
Malmsey	1/9	3/6
Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Rooi Soet Muskadel	1/8	8/-
Soet Port	1/8	8/-
Port	1/7	7/6
Pontak	1/7	7/6
Worcester Hoek	1/7	7/6
Spesiaal Sjerrie	1/7	7/6
Goue Sjerrie	1/6	7/-
BRANDEWYN:		
A 1	3/-	—
Boegoe	7/6	—
LIKEURS:		
Kersie	6/6	—
Van der Hum	6/6	—
Crème de Menthe (Peppermint)	7/6	—
JENEWER	7/6	—
JENEWER-LIKEURS:		
Lemoen	7/6	—
Suuriemoen	7/6	—
„COCKTAIL”	4/-	—
MOSKONFYT	1/6	6/6 (Slegs in Blikke)

GELIEWE DAAROP TE LET. Klante kan voorsien word van enige aantal bottels van enige soort wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kassie van 12 bottels is. Moskonfyt egter, word net in 12 bottels en 4 gelling hoeveelhede verskaf.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING OF KONTANT BY AFLEVERING plus K.B.A.-koste, vry op spoortrakleerplaats-stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG MOET BESTELLINGS VERGESSEL WAT OP HALTES OF BUSHALTES AFGE-LAAT MOET WORD, andersins sal bestellings na die naaste stasie gestuur word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel n.l. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kassie met bottels. Genoemde bedraas sal vergoed word sodra leë inhouers in goeie toestand terug ontvang word, spoorvrag betaal na Vakleerplaats-stasie.

WANNEER LEE INHOUDERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE.

Bestel van EXCELSIOR WYNAKERIE, (Eien. John Schoeman) VLAKEERPLAATS-STASIE, K.P. Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.

VERLANG UNA:

Blakende Gesondheid

Sterk Senuwees

'n Mooi Liggaamsbou

en

REUSEKRAG?

JOHAN HEFER

sal

u opbou van 'n swakkeltot 'n stoere man.

met

SPIERE SOOS YSTER

en

SENUWEES VAN STAAL

Dit maak nie saak hoe sieklik of swak u is nie. Johan Hefer se beroemde metodes sal u gesond en sterkê maak.

Bus 3494

KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 11 APRIL 1945.

WAT 'N ERKENNING!

In 'n donkere beeld wat hy geskets het van die natuurlike-vraagstuk wat so ver versleg het na jare se partytwis dat ons nou voor „ons laaste kans” staan, het dr. D. F. Malan 'n paar weke gelede die volgende openhartige erkenning gedoen:

„Die feit dat by die totstandkoming van die Unie geen deurtastende oplossing gevind is nie, moet aan partypolitieke oorwegings gewy word. . . .” en verder:

„Na jare van gesukkel is die vereiste tweederues-meerderheid in 1936 vir die natuurlike gewing gevind. Maar weer was daar arwatering onder druk deur partypolitieke belange. Daar is met aarseling gehandel.”

Dr. Malan het voorts 'n beroep op genl. Smuts gedoen „om partypolitieke oorwegings buite rekening te laat en die saak uit die nasionale oogpunt te beskou.”

Wat 'n erkenning deur 'n partyleier van die verrotteheid van die stelsel waarmee hy lewenslang hom behep het! En wat 'n seeraanklag deur 'n partyleier wat drie dae voor hierdie uitlating 'n uitnodiging tot samewerking buite die partypolitiek verwerp het juis op grond daarvan dat so 'n samewerking 'n verwerping van die partypolitieke parlement sal wees!

BAL-BAL

Hier erken dr. Malan openlik en self dat die partypolitiek net op 'n verknoeiing uitloop van groot vraagstukke. Hy doen selfs 'n beroep op genl. Smuts om hierdie vraagstuk nou uit die partypolitieke arena te werp sodat dit op 'n volkse grondslag opgelos kan word, anders sterf ons. Wat beteken dit? Dit beteken dat die partypolitiek met groot nadering — so groot dat hulle 'n volksbeweging probeer vernietig net omdat daardie beweging op hulle terrein sou kom — bal-bal speel met die volksvraagstukke totdat daardie vraagstukke so afgeslyt raak dat dit gevaar loop om te ontplof en die volk met politici en al na die ewigheid te blaas. Eers dan, ja eers dan skrik die politici en om hulself ontwil vra hulle dat die vraagstuk nou oor die draad gegooi moet word. Dit is dan uitgedien vir die partypolitieke wedstryd.

WAT VAN ANDER?

Maar ons wil aan dr. Malan, wat ter behoud van hierdie stelsel samewerking met die Ossewabrandwag geweier het, hierdie vraag stel: As die oplossing van die natuurlike-vraagstuk, wat as die grootste in ons land beskou word, belemmer is deur partypolitieke getwis, hoe op aarde kan enige ander vraagstuk, van kleiner omvang deur die partypolitiek opgelos word, waar die partye minder onder die skaduwee van hul eie vernietiging staan? As daar tot stilstand toe tougetrek en politieke munt gemoker word uit hierdie lewensbelangrike vraagstuk, hoe op aarde kan kleinere vraagstukke gevrywaar wees van muntslanery en toutrek?

Dr. Malan se erkenning ten opsigte van die natuurlike-vraagstuk is terselfdertyd die erkenning van die onmag van die partystelsel om enige vraagstuk in Suid-Afrika op te los.

Waarom weier hy dan samewerking op 'n nie-partypolitieke grondslag?

MNR. DE ROOS SE TOESTAND BETER

Die toestand van die oudstryder en vryheidsheld, mnr. Albert de Roos, van wie onlangs berig is dat hy in die hospitaal van Pretoria verkeer, toon aansienlike beterskap en hy is tans buite gevaar. Die O.B. het heelwat navrae in die verband gehad, en daar kan gemeld word dat mnr. De Roos 'n oortuigde O.B. is. Onthou sal word dat mnr. De Roos saam met Henri Slegtkamp en Jack Hindon die posisie vir die Boeremagte tydens die slag van Spioenkop gered het. Laasgenoemde is reeds oorlede en Henri Slegtkamp is 'n generaal in die Ossewabrandwag.

KORREKSIE

In ons vorige uitgawe is gemeld dat mnr. D. J. Malan wat geïnterneer was 'n seun is van wyle min. C. W. Malan. Dit is 'n misverstand. Mnr. Malan is 'n bloedverwant van genl. Wynand Malan, die beroemde kommando-leier van die Tweede Vryheidsoorlog.

KIMBERLEY-DISTRIK

Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, het in 'n onderhoud verklaar dat die O.B.-leiding definitief leiding sal gee in verband met die aanstaande tussenverkiesing in Kimberley-distrik. Intussen word O.B.-lede streng versoek om geen beloftes van steun aan party-politieke agente toe te sê nie.

REISPLAN VAN A.K.G.

Daar het nog twee plekke bygekom wat deur die Adjunk-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith besoek sal word. Die volledige reisplan is as volg:

Willowmore, 14 April.
Humansdorp, 16 April.
Despatch, 17 April.
Port Elizabeth, 18 April.
Aberdeen, 21 April (om 4 nm.).
Graaff-Reinet, 23 April.

Die Oorlog In Europa

(Deur Prof. J. A. Wild)

Die militêre posisie van Duitsland het gedurende die afgelope weke uiters sleg geword. Amerikaanse, Britse, Kanadese en Franse troepe het in die weste diep in Duitsland binnegedring. Op die oomblik word selfs Duitse stede soos Bremen en Hannover bedreig. Nie alleen het uiters waardevolle industrie-gebiede vir die Duitsers verlore gegaan nie, maar ook die lugmag van die Geallieerdes het op groot skaal verderf en verwoesting oor Duitsland uitgesaai. Hierdie uiters kritieke militêre posisie van die Duitsers het nog kritieker geword deur die geweldige Russiese druk aan die oostelike front. Op die oomblik staan die Rooi Leër voor die poorte van die historiese Weenen. Dit is onnodig om daarop te wys dat die geweldige lang front teen die Russe vanaf die Oossee in die noorde tot in die Balkan en aan die Adriatiese See in die suide uiters hoë else aan die Duitse militêre leiding moet stel.

LIEWER 'N VERSKRIKLIKE EINDE AS 'N VERSKRIKKING SONDER EINDE

Die militêre posisie van Duitsland is vandag sonder twyfel haglik en daar kan met reg van 'n „Duitse tragedie” gepraat word. Onder hierdie omstandighede is dit ook geen wonder dat daar mense is wat meen dat Duitsland maar liewers die oorlog moet staak en onvoorwaardelik aan sy vyande moet oorgee. Met die „fanatieke weiering” van Hitler „om onvoorwaardelik oor te gee” word selfs fout gevind. Dit is ook die soort „raad” en „verwyte” wat byna 'n halwe eeu gelede aan die adres van die Boere-leiers gerig was toe ook die Boerenasie sy groot tragedie deurgemaak het. As hierdie raad destyds in Transvaal en Oranje-Vrystaat gevolg was, dan sou die Engelse oorlog na Cronjé se oorgawe of na die Britse besetting van die Republikeinse hoofstede in Junie 1900 beëindig gewees het en nie byna twee verskriklike jare langer geduur het nie. Die vryheidsoorlog sou dan ook vandag 'n heeltemal ander karakter gedra het. Hy sou sy heroïese onherroepelik verloor het en daarmee sou die Afrikanerdom 'n onherstelbare verlies gely het.

„Onvoorwaardelike oorgawe” is voorwaar 'n ernstige saak; dit is erger as 'n volledige militêre nederlaag; dit is selfmoord. Dit is dus geen wonder dat Duitsers vandag liewer 'n verskriklike einde wil hê as 'n verskrikking sonder einde. Die vyande van Duitsland het hierdie „verskrikking sonder einde” reeds herhaaldelik en met nadruk wêreldkundig gemaak. Origens sal daar ook Duitsers wees wat die geskiedenis van Versailles nog nie vergeet het nie.

'N GUERILLA-OORLOG IN DUITSLAND?

Dit hoef ook nie 'n gesagstaar te wees wat „fanatiek weler om onvoorwaardelik oor te gee” nie. Die „demokratiese” Boere-republieke, soos ons reeds gesien het, het byna nog twee jaar geveg na hulle georganiseerde weerstand gebreek en hulle hoofstede ingenome is. En het die Premier van die „demokratiese” Brittanje in die donker dae na Duinkerken dan nie beloof dat hy die stryd verder sou voer op die strande van Brittanje, uit die stede en dorpe en, indien nodig, vanuit Kanada nie? En dit met gaffels en haalgeweers terwyl die Duitsers nie eers onvoorwaardelike oorgawe geëis het nie!

Hoewel die huidige militêre posisie van Duitsland uiters kritiek lyk, is dit waarskynlik voorbarig om die oorlog in Europa as beëindig te beskou. Die Geallieerdes se eis van onvoorwaardelike oorgawe sowel as die vrees en haat vir die Bolsjewistiese Rusland sal vir die Duitsers as prikkels dien om in die stryd te volhard. In hierdie volharding het die Duitsers nie nodig om inspirasie in die legendariese heldefigure van 'n Wagner te soek nie; hulle het historiese voorbeelde soos 'n Frederik die Grote en die Sewejarige Oorlog tot

hul beskikking. Ook lyk dit of Duitsland nog in die gelukkige posisie verkeer dat daar geen verbrokekende en ondergrawende politieke partye is wat die nasionale weerstand 'n steek in die rug kan gee nie.

Dit lyk of selfs genl. Eisenhower, ondanks sy groot militêre suksesse, nie 'n spoedige Duitse ineenstorting verwag nie. Volgens 'n brief wat hy onlangs aan pres. Roosevelt geskryf het, berei hy hom voor op 'n guerilla oorlog in Duitsland wat slegs met behulp van baie troepe onderdruk sal kan word. Hy verwag nie „enige besliste ineenstorting of oorgawe van Duitse weerstand” nie en stel 'n „oorwinningdag deur proklamasie” in die vooruitsig.

VIR DIE BOEREJEUG

MAAND APRIL

Weens een of ander onverklaarbare rede het die opstel vir Maart, wat deur die Jeugleier gepos is, Die O.B. nooit bereik nie. Ons moet dus verskoning aanbied dat daar geen opstel in verband met die verjaardag van 'n Boerejeug-lid verskyn het nie. Om te vergoed, plaas ons dan hierdie keer maar twee uit April.

Marius van Rooyen wat op 13 April 1929 gebore is, skryf:

Op 13 April 1839 het Trichardt Delagoabaai bereik. In 1833 het Louis Trichardt die distrik Somerset-Oos verlaat en oor die oosgrens van die Kaapkolonie getrek.

In 1835 het hy by Van Rensburg aangesluit in die distrik van die teenswoordige Colesberg. Trichardt en Van Rensburg is saam oor die Grootrivier tot by die Soutpansberg.

Van Rensburg en sy mense het in die rigting van Delagoabaai getrek, maar is vermoor deur die Knopneuse. Daarna het ook Trichardt en sy mense probeer om Delagoabaai te bereik. Dit was betreklik moeilik om oor die Limbombo-berge te kom. In die Laeveld nader aan die kus is baie van sy mense aan koors dood en later ook hy. Die tsetse-vlieg het ook die beeste gestee.

Op 13 April 1839 het Louis Trichardt se mense te Delagoabaai aangekom. Daarvandaan is hulle na Port-Natal toe.

Karel, die seun van Trichardt, het verder noordwaarts gegaan om 'n geskikte plek vir 'n nedersetting te kry en hy het die Victoria-Waterval gesien wat later deur Livingston ontdek is.

MOOI VOORBEELD

Hoewel sy reeds ernstig siek was, het komdte. B. Spies, van Natal, verlede Novembermaand, tog haar helpers saamgeroep en tydens 'n vendusie £11 vir die Noodhulpfonds ingesamel. Sy is daarna hospitaal-toe en in afwagting op 'n ernstige operasie het sy haar onledig gehou deur naaldwerk te doen. Op 'n onlangse funksie het hierdie naaldwerk £12 opgelewer vir die fonds. Aangesien komdte. Spies reeds 60 somers agter die rug het, is haar voorbeeld werklik 'n inspirasie vir jonger dames. (Ingestuur).

BAAIS IN EIE KRAAL

Die Ossewabrandwag wil dat die boere hul eie sake moet bestuur, die onderwys-mense hul eie sake en die verskillende bedrywe hul eie sake in plaas van dat onkundige politici oor hierdie dinge moet besluit waarvan hulle niks verstaan nie. As b.v. die beesboere rasverbetering beoog, besluit hulle self daarvoor en nie die advokate en tandartse in die parlement nie.

Dit noem ons VOLKSREGERING. Die huidige is PARTYPOLITIEKE DIKTATUUR.

Werkers Eis Seggenskap In Landsbestuur

'n Protesterende skare van nage-noeg 4,000 het voorverlede Donderdag op die Pretoriase Kerkplein vergader om hul griewe te lug oor die behandelings wat die muntwerkers van regeringse kant ervaar; en om aan te dring op nywerheidsontwikkeling as teenwrig vir na-oorlogse werkloosheid.

Mnr. M. J. Palm, bouwerkers-organiseerder en voorsitter van die Pretoriase Vak- en Arbeidskomitee, het gevra: „As die ontplofing 4,000 mense op straat moet gooi, hoeveel gaan in die straat wees wanneer die werkers terugkom van die oorlogsfront?” Hy het bygevoeg: „Ons eis werk en ons eis dat die regering sy belofte nakom en volle verantwoordelikheid aanvaar.”

NUWE STELSEL

Mnr. G. H. Beetge, sekretaris van die Vuurhoutjiewerkers-Vakbond het

uitgeroep:

„Ons eis 'n nuwe wêreldorde waarin daar reg sal geskied aan die nedrigste werker. Ons wil dat die kapitalisme aan bande gelê word, dat die werkers 'n aandeel in alle nywerhede kry. Ons dring aan op 'n werkers-regering, — 'n Boereregering, waarin werkers sal saamwerk.”

Die werklose muntwerkers het die morele en finansiële steun van 27 Pretoriase vakbondtakke.

Geen partypolitiek is op die vergadering toegelaat nie.

In belang van die welsyn van die hele volk bepleit die Ossewabrandwag 'n stelsel van volksregering, wat gefundeer sal wees in die verskillende werkkreise van die volk, en gevolglik saamgestel sal word uit die gekose verteenwoordigers van elke werkkreis.

GEEN KOS

Kennissgewings in Kaapstadse winkels deesdae is die volgende: ...

GEEN BOTTER
GEEN EIERS
GEEN VLEIS (blikkies)
GEEN SUIKER
GEEN MELK (blikkies)

Huisryne word al meer radeloos, en slegs diegene wat skakels het op die swartmark kan nog 'n min of meer behoorlike maaltye aan die huisgenote voorsit.

„WAS EERSTE DAAR”

Die antwoord van die waarnemende Gryshemp-leier, dr. Stoffberg, kom neer op 'n verwyt dat die O.B. in die verlede samewerking met die Gryshemde sou geweier het en verder dat die O.B. te veel vra as hy verwag dat die Gryshemde hom as „die vanselfsprekende teenvoeter van die Bolsjewisme in Suid Afrika” moet beskouw, soos deur dr. Van Rensburg te Klipkoppies op 'n onlangse vergadering verklaar is, aangesien hulle eerste teen kommunisme geveg het. Hulle sien geen heil in 'n parlementêre front nie, maar kan slegs saamwerk „op die grondslag van Nasionaal-sosialisme.”

Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



ALEX JENSEN.

Presies 'n jaar gelede is hierdie seun van 'n Afrikaner moeder en Duitse vader in die interneringskamp van Andalusia deur 'n wag doodgeskiet. Hy was 26 jaar oud en afkomstig van Johannesburg. Die regering het indertyd geweier om 'n ondersoek na sy dood in te stel.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat en hom nie aan die vyand uitlewer nie.”

DIE DOOD TREE IN

Christiana-O.B.-kommando het 'n gevoelige slag gekry met die afsterwe van een van sy getrouste offisiere, mnr. Gert Peens, wat in die vroeë more van 29 Feb. plotseling heengegaan is aan hartverlamming.

Oom Gert was op die hoë ouderdom van 78 jaar nog sterk en het die O.B. nooit op hom laat wag nie.

Hy het dit as sy oortuiging uitgespreek dat geen Christen die eed wat hy geneem het om sy volk getrou te bly, mag breek nie.

Hy was ook een van die oudstryders wat deur die Tweede Vryheidsoorlog volhard het tot die bitter einde. (Ingestuurt).

Twee Rigtings

Artikel nege van Wet no. 14 van 1893 het partypolitiek in die Suid-Afrikaanse Republiek verbied. Geen kandidaat mag daarvolgens gebruik gemaak het van 'n politieke organisasie tydens 'n verkiesing nie — selfs nie op 'n vergadering nie.

Brief onder datum 9 Maart 1945 van dr. D. F. Malan aan dr. J. F. J. van Rensburg wil die partypolitiek vir die Afrikanervolk bestendig — hy weier samewerking op grond daarvan dat die O.B. die parlementêre partystelsel wil afskaf.

VRYHEIDSDAG HERDENK

BURGERSDORP

Burgersdorp-kommando het onder leiding van komdt. D. G. Smit Vryheidsgedag gevier op Pendar, die plaas van korp. A. Marx. Stafhoof W. P. van der Merwe het opgetree as spreker en het 'n besielende toespraak gelewer. Die bedrag van £59 is ingesamel, in vergelyking met £24 verlede jaar, niteenstaande droogte en moeilike tye. Dus Burgersdorp lewe! — (Ingestuurt).

HEILBRON

Amajuba-dag is onder groot geesdrif gevier in kommando's C7d2 en C7d8. Drie vure is aangesteek, nl. Elandsdorp, Rondebos en Tafelkop. Op laasgenoemde twee plekke is funksies gehou wat oor die £50 opgebring het.

Die Boerejeug is besig om te presleer. Nie minder as £21 is deur hulle onvermoeide ywer bymekaar gemaak nie. Al is die stryd opdraend, die Brandwagte is vasberade en blymoedig. — (Ingestuurt).

Eerste Vrouelaer In Gebied A Groot Welslae

Die eerste vrouelaer in Gebied A is tydens die Paasaweek gehou op die plaas van wagmajoor Jan Joubert in die distrik van Malmesbury. Dit het gestaan onder leiding van asst. htkomdt. V. Ferguson-Louw wat 'n tyd gelede 'n vrouelaer in Transvaal bygewoon het. Hoewel die laer op kort kennissgewing gereël en ook nie wyd bekend gestel is nie, het sowat 30 vroue-offisiere van verskeie Bollandse kommando's die vierdaagse laerkursus ondergaan. Hierdie eerste kennismaking met 'n O.B.-vrouelaer was so geslaagd dat verskeie offisiere daarna verklaar het dat hulle ook kampe vir die komende lente gaan reël.

Die Adjunk-komdt.-genl. J. A. Smith het op 2 April die laertrekking besoek en die vroue lof toegeswaai vir die wyse waarop hierdie eerste kamp ingerig was. Genl. Smith het in 'n toespraak daarop gewys dat die O.B.-laers nie as plekniekuitstapies beskou moet word nie, maar wel as gedissiplineerde laertrekkings waar die lede bepaalde kursusse ondergaan om hulle geestelik en fisies toe te rus vir die taal volkstryd wat ons voer. Verder het genl. Smith veral 'n ernstige vermaning tot die moeders gerig om toe te sien dat hul kinders aktiewe lede van die O.B.-Boerejeug moet wees sodat ook die kinders daar geestelik vir die volkstryd toegerus kan word l.p.v. om hul vrytyd in ydiele vermaaklikheidsplekke deur te bring.

Ook die weerlose vrouekamp het nie die indringerige belangstelling van die Empire se polisie-owerheid vrygespring nie. Twee konstabels het hul opwagting daar gemaak maar het spoedig weer vertrek nadat die A.K.G. hulle koppe goed gewas het oor die belediging die vroue op hierdie wyse aangedaan.

Die laertrekking is die Maandagmiddag afgesluit met 'n formele vlagstrykingsplegtigheid. Veldkte. Tredoux, van Tiervlei het die godsdienstverrigtinge waargeneem.

SPRINGBOK MEUBELS

Die HUIS en KANTOOR MEUBELEERDERS

Ons bied aan Meubels van Kwaliteit teen billike pryse.

BESOEK ONS OF SKRYF OM BESONDERHEDE.

Victoriaweg 171

WOODSTOCK.

Takbesigheid:

Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat, PAARL.
Foon 929.

MARKAGENTSAP

VROEE MÔRE-MARK

KAAPSTAD


BETALING GESKIED ONMIDDELIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.


MINNAAR & VAN SCHOOR

Elenaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.



NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

Kommando -SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH 2298

ONS JASSE,
BAADJIE- EN JUMPER-PAKE IS VAN
BEROEMDE SNYERS
U SAL DIE SNIT
EN STYLE WAARDEER

Steyns

DIE DAMESWINKEL
PAROW



Baie geleenthede vir bevordering en vooruitgang sal hulle voordoen sodra die groot rekonstruksiesmas na die oorlog in werking tree. Ontvang die nodige opleiding om sukses te verseker. Pos hierdie koep.

TRANSAFRIKAANSE Korrespondente KOLLEGES



Waarby ingelyf is Universiteits-Korrespondentiekursusse (Eiens.) Bpk., Pretoria, en Helpmekeer-Korrespondentiekollege T.O., Johannesburg.

Aan: Die Registrateur, Transafrikaanse Korrespondentiekolleges (Eiens.) Bpk., Dept. O.B., Bus 640, Pretoria.

Stuur my, sonder enige verpligting aan my kant, besonderhede omtrent julle kursusse
Naam
Adres
Eksamens afgele
Ouderdom
SKRYF ASSEBLIEF IN DRUKLETTERS.

Geklassifiseerde Advertensies

GEBOORTE

CONRADIE. — Met innige dank van die Heer ontvang op 29 Maart 'n mooi fris Boeredogter, ons eersteling. Ons hartlike dank aan Dr. Meiring en verpleegster E. du Toit. — Die dankbare Ouers, Assistent-Veldkornet en Mev. H. Conradie.

DE JAGER. — Aan Komdt. en Komdte. G. de Jager, Waschbank, 'n dogter op 28 Februarie. Lank lewe ons Kommandant-Generaal met en vir die Ossewabrandwag.

DE VOS. — Aan Genl. en Mev. J. de Vos (geb. Heana du Toit) Seepunt, 'n dogter op 4 April.

PRETORIUS. — Aan Genl. en Mev. Dr. S. J. Pretorius, Stellenbosch, 'n fris Boeredogter op 29 Maart.

VAN SITTERT. — Sers. en Mev. W. C. van Sittert van Lena, Lindley, ontvang van die Heer 'n fris O.B.-seun op die 23ste Maart. Lank lewe die Ossewabrandwag.

VERLOWING

KURSUS in Huisoudkunde. — Vir alle jong dames en huisvrouens nou gereed. Kookkursus, Klere Skoonmaak, Huisbestuur, ens., ens. Volle besonderhede van: Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.

SMUTS-LOUW. — Hiermee wens ons, Mienie en Tinnie, van Malmesbury en Claremont aan vriende(inne) bekend te maak dat ons oor die Paasaweek verloof geraak het.

DOODBERIG

ENGELBRECHT. — Sag heengegaan, ons dierbare moeder Petronella Engelbrecht, op 16 Maart 1945 te Invermelo, in die ouderdom van 88 jaar. Sy word diep betreur deur haar kinders. Ja tot in ewigheid. Goddank vir jou. Ons sal haar mis. — Susan Cornelius en familie.

SPIES. — Op 3 April sag ontslae, ons dierbare seuntjie, Andreas Theodorus Jacobus, in die ouderdom van 20 dae.

Die Here het gegee,
Die Here het geneem,
Geloof sy die naam van die Heer.
— Die diepbedroefde ouers, JO en DORA.

PERSOONLIK

ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk. Fotografeer werk van enige aard. Uitmuntenende diens teen billike pryse. Steun hierdie Afrikaanse: Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.

BOEKHERSTELWERK. — Familie-Bybels, gesang-, erfsut- en enige ander boeke wat stukkend is, sal ons vir u nuut maak. — Verlaai-buro, Stellenbosch, Posbus 180, Stellenbosch. Foon 486.

ONDERSTEUN 'n Afrikaanse-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: H. Basson, Mark-agentskap, Breestraat 100, Newton.

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afkies van hoe ernstig dit is en of dit tot hertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstreke volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. The Scientific Health Institute, Posbus 1334, Kaapstad.

WESTMINSTER-HAARKAPPERSALON. — Bestuurder J. P. Olivier, vir snelle, higiëniese en puik behandeling. Tabak, sigarette en toiletbenodigdhede in voorraad. — Kerkstraat 6. Foon 2-4831.

BETREKKING VAKANT

DRINGEND Benodig, betroubare middeljarige eenaar op plaas naby Kaapstad. Aanvangsalaris f12-10-0 p.m. Man benodig vir algemene bestuur gemengde boerdery, vrou soms benodig toesig oor eienswaardigheid (nie huisouding) teen ekstra vergoeding. Huis en plaasprodukte gratis vir gebruik. Meld ouderdom, grootte van gesin, datum van diensaanvaarding. Doen aansoek: A.B.C., Posbus 1411, Kaapstad.

BELANGRIK VIR BOERE

ONS bied aan: — Kursus in Varkboerdery. Kursus in Skaapboerdery. Kursus in Tabakboerdery. Kursus in Huisoudkunde. Besonderhede van: Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.

LOSIES VERLANG

JONG, kinderlose eenaar soek kamer te Pretoria. Ongemeubelde vir voorkur. Albei studeer. Telegrafer: Pastorle, Springbok, K.P. Koste sal vergoed word.

TE KOOP

BESTE kwaliteit Bossiestee. 93 pond 20/-, 50 pond 12/6, 25 pond 7/6. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. — J. P. WAGENER, Kliprivier, P.K. Speelmanskraal, George.

DAMES LEERHANDSAKKE. Wit 30/-, ander 28/-. Portefeulje (sakformaat) 12/6. „O.B.“-wapen of ele ontwerp 10/- ekstra. Kontant met bestelling. — HECHTER, Heugweg 8, Walmer, Port Elizabeth.

ERSTERKLAS UIESAAD. Vroeë Kaapse Plat Geel, 7/6. Australiese Bruin, 6/-, Spaanse Bruin, 6/-, Kaapse Strool, 6/-, Alles per pd. Gert van Booyen, Bus 41, Unklendale.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beetsaad 10/-; Australiese Bruin Uiesaad 6/-, Almal per pd. 2/- duurder op halfpand. Alles gesertifiseer. K.M.B. Posvry. — Premier Saadkwekers en Verspreiders, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

HEERLIKE vars gesonde tafellartappels teen 28/6 per sak van 153 pond. V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakke. Tevredenheid gewaarborg. S. W. Bable, Kommandant, Bus 328, Bethlehem.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 229, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

MELK-KORTHORINGBUL, skimmel, 6 jaar, nie geregistreer, maar goedgekeur. Baie mooi dier, vet. Kom by verse. Prys f30. — Mev. A. C. JOYCE, Bethal.

ONS bied aan Gesifte Karoomis teen 38/6 per ton; Rums teen 12/6 per ton (minimum 12 ton); Ganna Loogas, die beste soutlek teen gelsiek en haarwurm, teen f1 per sak. V.O.S. ons stasie. Aflewering dadelik. 90% afslag op spoortrag aan Transvaal en Natal boere. Kontant met bestelling aan Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska.

OPREGGETEELDE Jakkalsshondjies (Fox-hounds), 8 weke oud. Moeder sniwer jakkalsshond. Vader is „Pelgrim“, die Suid-Afrikaanse Kampioen Jakkalsshond. Net een reuntjie teen f4-4-0. Vyf teles f3 elk. Ook een half-geleerde agttien maande jakkalsshond, kruis windhond, pragtige dier, f5. My span word te groot. Bestel dadelik met kontant. — NICO BARNARDT, Toverwater-Sylyn, Pos Unklondaleweg-Stasie, Kaap.

PREMIER EIENDOMS AGENTSAP EN AFSLAERS
611-612 Groote Kerkgebou — Kaapstad
Foon 2-6970.

Onderneem die verkoop van ENIGE Eiendom, Los Goedere en Lewende Hawe per private onderhandelinge of publieke veiling, enige plek in die Kaapprovinse.
P. H. OLIVIER — MAKELAAR.
J. DE WAAL HENNIG — AFSLAER.

RAMME. — Gladde lyf, oop gesigte, veld-gesigde Wanganella-ramme, 5 maande hoë kwaliteit lang wol. Vier- en ses-tand, f3 elk. — A. L. Bekker, Klipheuwels, Steynsburg.

SOUT. — Aandag, Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton, kostelose plaai Soutpan. Adres: VENTER en DU PLOOY, P/sak Arbeidslalon, Bloemfontein.

STORMJAER-SAKKE: Goedkoop dog sterk-gemaakte sakke vir inkope-doelende. 10 persent van inkomste gaan vir N.H. Fonds. 2/6 elk, posvry. — S. J. NIEMAND, Hoopstraat, Oudtshoorn.

TABAK. Bone-, Erte- en Druifwastokke, 1/4 tot 1 dm. dik, 5 voet lang, ongebaas. Swart wattel of bloekom. f3-0-0 per 1000, v.o.s. Lothair-stasie. — J. T. Maritz, Lothair.

TROUROK. — Swaar wit satyn stoffasie met lang moue en kort sleep. Lenette 5vt. 6dm. Borsmate 34dm. — 36dm. Eersteklas toestand. Skrywe aan: E. H. Kloofstr. 109, Kaapstad.

'n **TROUROK** (met sleep) van swaar getembosende satyn, met insetsels van kant, om middel en hals. Word vaseknoop van agter, van hals tot middel. Mate: Middel 30 dm., lengte 60 dm., sleep 38 dm., met geborduurde tulle sluis van 100 dm. teen f25. — Mev. M. D. SMIT, Vaalplaat, P.K. Bus 78, Burgersdorp.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo, Kombuis- en handwaskbakke, badens, sepietse tanks, pilare, vloertels, voertroe. Enigets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden. Potgieterstraat 258, Pretoria.

20.000 DAGOUD-KUIKENS maandeliks verkrygbaar vanaf April. Australorps, Leghorns en kruis van Leehorn en Australorps, teen f6-10-0 per 100 K.M.B. of K.B.A. Almal gebroei van uitgesoekte, sterk, gesonde hoenders. Bestel dadelik om teleurstelling te voorkom, van: H. R. Malan, Weltevrede Pluimvee-plaas, P.K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.

WYNE

5 GELLING Muskadell-likere f2-12-6; Anker f3-17-6. 5 Gelling Rool of Wit Muskadell-Jeripico of Beste Ou Port f2-2-6; anker f3-2-0; 5 Gelling Rool Soet Muskadell f2; anker f2-18-6. 5 Gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muskadell f1-15-0; anker f2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vasties moet teruggelewer word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

TE KOOP GEVRA

VARKE, teen beste heersende pryse. Tree in verbinding met D. F. du Plessis, Alexanderstraat 26, Paarl. Foon 11.

BOLAND BOTTELSTOOR

HOOFSTRAAT 73

P A A R L

Foon 984

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Bepker, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bepker, Stellenbosch.

JODE DAAG CHURCHILL

Nadat twee lede van 'n Terrorbende die Engelse lord Moyne in Kaïro vermoor het, het die Joodse leier, Dr. Weizmann, vir Churchill gaan besoek in Downingstraat 10, London.

Oor hierdie besoek en ten opsigte van die moord het Churchill in die Britse Parlement verklaar dat die Jode nie net woorde van afkeuring oor die skandaal moet uitspreek nie, maar dat „nie alleen die leiers nie, maar alle mans, vroue en kinders van die Joodse gemeenskap“ hul afkeuring met die daad moet bewys deur alle terrorisme uit te roel. As dit nie gebeur nie, het Churchill gesê, sal „ons drome vir die Slonimse in die rook van die pistole van sluipmoordenaars moet eindig.“

Churchill het dus gevra dat die Joodse volk, as sodanig, homself moet disassosieer van die sluipmoordenaars en die terrorisme.

Uit London word tans berig: „Egipte word oorstroom met 'n vloedgolf van beroepe om genade vir die twee jong Jode, Ben-Sousi en Hakim, wat ter dood veroordeel is weens die sluipmoord op Lord Moyne. Die Nuwe Slonimse Organisasie van Brittanje, die V.S.A., Suid-Afrika, Palestina en meeste van die Suid-Amerikaanse Republieke het kabelgramme gestuur wat aandrang op die versagting van die vonnis.“

Teen die uitdruklike wens van Churchill in het die Jode hulle dus geassosieer met die sluipmoordenaars.

VAN RIEBEECK

Hester Antoenetta Ferreira (geb. 24 April 1931), van Rooftam, Tweeriviere, skryf:

'n Pragtige sonsondergang op die aand van die 5de April 1952. Van Riebeeck en sy familie het die mooi kleure in die lug vanaf die dek van die Dromedaris aanskou. Skielik het daar 'n uitroep van sy vrou se kant gekom. Verbaas het hulle almal omgekyk, en ja waarlik, daar in die ooste het die kruin van ou Tafelberg gekom. Die volgende oggend, 6 April het hulle aan land gegaan by die Kaap. Op die more van 8 April 1952 is die Hollandse vlag gehys.

VERJAARDAGKETING

12 APRIL: Penelope Alberta, Merweville; Anna Nolte, Stellenbosch; Charl Hugo, Tiersiel; Alfred Smidt, Tiersiel; Magrieta Barnard, George; Jacobus de Bruyn, Port Elizabeth; Aletta du Preez, Kirkwood.

13 APRIL: Mathys van Eck, Beaufort West; Magdel Hesketh, Sutherland; Hendrika Ackerman, Windsortonweg-Stasie; Lunderd Koertzen, Stellenbosch; Emmerentia Botha, George; Wilhelmus Roets, Lebubu; Marius van Vuuren, Utrecht.

14 APRIL: Mara Groenewald, Plumstead; Christina Engelbrecht, Botrivier.

15 APRIL: Adeline Louwrens, Hermanus; Gideon Roos, Stellenbosch; Albert Kitching, Port Elizabeth; Irene Unzerer, Kirkwood; Francois Jonker, Stellenbosch; Hendrika Gouws, Prins-Albert; Cornelia Pietersen, Mariboo; Maria Stridom, Potgietersrus; Rikie du Plessis, Rustenburg; Julia Classens, Koedoeskop; Sarie Botha, George; Marie Bester, Malmesbury; Jannie Botha, Koedoeskop.

16 APRIL: Valeria van Rensburg, Port Elizabeth; Carol Moolman, Cradock; Elizabeth van der Berg, Woodstock; Emmerentia Steyn, Bellville; Aletta van Vuuren, Mamagaleskraal.

17 APRIL: Jacobus du Plessis, Elendabere; Frans Terblanche, Humansdorp; Eliza de Gode, Observatory; Daniel Coetzee, Kirkwood; Gerda Steyn, Somerset West; Cornelia Jacobs, Nababeen; Barend van Tonder, Eppinetfontein; Hendrik Jooste, Rietbron; Johannes Engelbrecht, Albert; Elizabeth Maré, Maritzburg; Elizabeth van Rooyen, Pietersburg; Willie Erasmus, Rustenburg; Erens Wolmarans, Koedoeskop.

18 APRIL: Francois Schoeman, Vloetenburg; Schalk Hyman, Kakamas; Albertus Viljoen, Breërivier; Martha Viljoen, Breërivier; Hester du Preez, Kirkwood; Amelia Swanenol, Woodstock; Alida Wellbach, Dendron; Martinus Wessel, Paul Roux.

S.A. PERE EN APPELS NA EGIPTE

KAIRO. — Die Egiptiese minister van finansies is van plan om binnekort 'n invoerlisensie aan 'n Egiptiese vrugtefirma toe te staan vir die invoer van 80 ton Suid-Afrikaanse appels en pere. Die vrugte sal in Egipte aan die publiek verkoop word vir nie meer as 2s. 6d. per pond nie.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERE en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
vordag (sunn)
VOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?

Bring dit na ons en sien die resultaat !
ROELOU BARRY (Edms. Bpk.
ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.
Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.
Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.
VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.

GEE U GELD VIR VYANDE?

Lees hier:

Besighede word ryk van u geld.

Andere neem u geld vir aandeel.

● Adverteer hulle in u blad, Die O.B., of help u hulle om u self te vernietig? U winkelier, u assuransiemaatskappy, die maatskappye waarvan u aandeelhouer is, ens.?

●● Adverteer die toneelgeselskappe alleen in u teenstanders se blaie, of ook in Die O.B.?

●●● Dink daaraan: Is dit nie u plig om hulle aan te spreek as hulle net u geld vat en dit nie ook in Die O.B. spandeer nie?

●● Vra u ooit winkels, en veral die spoorwegwinkels waarvoor u as belastingbetaler sê het, waarom hulle weier om Die O.B. te verkoop?

● Sal u ooit u volksideaal bereik as u nie ook u enigste mondstuk help nie?

Die O.B., die Afrikaanse blad met die grootste sirkulasie, is die beste advertensie-medium. Vra die gereelde adverteerders.

Ondersteun die adverteerders van Die O.B. en noem die O.B. wanneer u van hulle koop of bestel.